

ST. ALEXIS

17 JULIE

(sterf 417)



Hy was die seun van 'n ryk Romeinse senator genaamd Eufremianus en sy vrou Agloë. Hulle was vasbeslote om vir hom 'n goeie huwelik te reël, maar Alexis wou sy lewe aan God wy en vlug weg na Edessa in Mesopotamië. Hy bou 'n hut langs 'n kerk en daar het hy 17 jaar lank 'n armoedige bestaan gevoer en alles wat hy gehad het met die armes gedeel. Hy keer terug na Rome en gaan werk as bediende in die paleis van sy ouers sonder dat hulle of die ander inwoners hom ooit herken het. Sy liefde vir die Here het hy met almal gedeel en die moeilike omstandighede waaronder huisbediendes destyds gewerk het, is deur sy teenwoordigheid verlig. Hy het 'n bekende en beminde figuur onder die bediendes van Rome geword. Toe hy sterf het die waarheid van wie hy eintlik was uiteindelik bekend geword.